RAADSBELEID

ONDERWERP : GEÏNTEGREERDE MIV/VIGSBELEID

VERWYSING : 17.1.1.1.5

BESLUIT NR : 11.3/07/2003 DATUM : 28 Julie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om alle pogings tot die voorkoming van HIV/VIGS te ondersteun.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad onderneem om die HIV/Vigstrategie van die Nasionale Regering te ondersteun.

RIGLYNE
1. Die samestelling van opvoeding- en bewustheidsprogramme onder beheer van die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.

2. Daarstel van **Geïntegreerde MIV/VIGS-Komitee** bestaande uit die Burgemeester, wat as Voorsitter sal optree, benoemde Raadslede, rolspelers uit ander staatsdepartemente, plaaslike nie-regeringsorganisasies, vakbondverteenwoordigers, verteenwoordigers van Wykskomitees en die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.

3. Die Direktoraat Korporatiewe Dienste sal verantwoordelik wees om die administrasie van die Komitee te behartig.

4. Beskikbaarstelling van kondome in alle afdelings van die munisipalteit.

5. Besoeke aan afdelings vir inligtingspraatjies.

6. Gereelde skakeling met die Distrik Vigsforum ten opsigte van voorkomingsaksies en programme.

PROSEDURE
Die Komitee vergader op ‘n maandelikse basis en doen kwartaalliks verslag aan die Raad oor hul werksaamhede.

ROLLE
1. Burgemeester of benoemde Raadslede.
2. Vakbonde.
3. Verpleging.
4. Rolspelers uit ander staatsdepartemente.
5. Plaaslike nie-regeringsorganisasies.
6. Verteenwoordigers van Wykskomitees.
7. Die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.
8. Die Subdirektoraat Korporatiewe Dienste.

VERWANTE BELEID
1. Beroepsveiligheid.
2. Die MIV/VIGS-strategie, soos opgestel deur die Educator and Training Unit (ETU).
3. Interne MIV/VIGS beleid.

FOKUS AREA	LANGTERMYN-DOELWIT	KORTTERMYN-DOELWIT	AKSIE
OPVOEDING EN BEWUSTHEID - OPENHEID EN VOORKOMING * Ongeag van die baie opvoedkundige bewusmakings-programme, bly groot gedeeltes van die gemeenskap of oningelig, traak-my-nie-agtig of apaties. * Dit dra by tot die verspreiding van die virus. viktimisering en diskriminasie van mense wat lewe met MIV/VIGS en onderbenutting van hulpbronne en dienste	• 'n Goed ingeligte en sorgsame gemeenskap met veranderde houdings en seksuele gedrag. • 'n Ewig verminderende koers van infeksie. • Aanvaarding en nie-diskriminering teenoor mense wat lewe met MIV/VIGS.	• Stigting van 'n werkgroep om koördinering en integrering van opvoedkundige programme in die Munisipaliteit te bevorder. • Veldtog om vrywillige berading en toetsing te bevorder	• Identifiseer alle rolspelers. • Nooi rolspelers om die Taakspan te loods. • Oudit bestaande opvoedingsdienste. • Identifiseer gapings en oorvleueling. • Ontwikkel 'n program wat sal verseker dat alle areas van die Munisipaliteit gedek is.

• **BEHANDELING EN SORG VIR MENSE WAT MET MIV/VIGS LEEF** • Armoede, kulturele en sosiale houdings en die tekort aan hulpbronne dra alles by tot die onvoldoende voorsiening van sorg vir mense wat in //Khara Hais met MIV/VIGS leef. Die situasie belemmer die lewensgehalte van mense wat deur die virus infekteer en affekteer word.	• Mense wat lewe met MIV/VIGS wat gesonde lewensstyl handhaaf en wat toegang tot voldoendde sorg, behandeling en ondersteuning het.	• Versterk die bestaande huisgebaseerde sorgprogramme van die Departement van Sosiale Dienste en bevolkingsontwikkeling.	• Die Taakspan ontmoet dringend met die DSDBO vir inligtingsessie omtrent programme en bespreek: • Ouditering van bestaande tuisversorging. • Werwing en opleiding van meer versorgers. • Ontwikkeling van gestandaardiseerde diensvlakke. • Beskikbaarsteling van toerusting. • Voortdurende monitering. • Kommunikering van die beskikbare dienste aan die gemeenskap. • 'n Stelsel om tuisversorgers te ontplooi. • Toestaan van vergoeding vir tuisversorgers.

FOKUS AREA	LANGTERMYN-DOELWIT	KORTTERMYN-DOELWIT	AKSIE
PLEEGSORG VIR WEESKINDERS * Tref voorbereidings om kinders wat deur MIV/VIGS wees gelaat word te versorg en te ondersteun. Die MIV-virus het nog nie 'n volle impak op die gemeenskap gehad nie. Huidig bly kinders wat deur MIV/VIGS wees gelaat is onbekend met geen behoorlike monitering, sorg en ondersteuning nie.	• Mense wat 'n veilige, sorgsame en ondersteunende omgewing vir kinders, veral dié wees gelaat deur MIV/VIGS, verskaf**.**	• Maak voorbereidings om weeskinders te versorg en ondersteun	• Die Munisipaliteit moet 'n werkgroep van alle moontlike vennote saamstel om: • 'n Stelsel saam te stel om alle moontlike bestaande en potensiële wesies te identifiseer. • Verkry duidelikheid omtrent die beskikbaarheid van toelae en hoe om toegang daartoe te verkry. • Ontwikkel strategieë vir die plasing na voortdurende monitering en ondersteuning van kinders. • Kyk na alle moontlike gemeenskapsorg opsies.